Opsomming van ‘n aanbieding deur prof. Johannes Froneman op 7 Augustus 2017 oor die voorgestelde bemarkingsplan vir die Nguni-beestelersgenootskap

Die onderstaande is gegrond op ‘n oudit gedoen op 10 en 11 Julie 2017 (wat verskeie gesprekke ingesluit het) en beskikbare dokumente .

1. Agtergrond

‘n Strategiese sessie is in 2006 gehou, ‘n verslag oor bemarking in 2008 opgestel en in 2016 is bemarking tydens ‘n strategiese beplanningsessie as ‘n probleem geïdentifiseer.

2. Beperkinge wat bemarkingsoptrede tans beïnvloed, sluit in:

- Geen gedetaileerde plan.
- Geen inhuis-kundige of voldoende eksterne hulp.
- Geen realistiese begroting.
- Tydsdruk op die “general manager” weens korporatiewe bestuursmodel.
- Afname in ledetal (en dus inkomste).

3. Onmiddellike stappe:

- Opname onder lede.
- Bespreking van oudit en voorstelle deur raad.
- Aanstel van eksterne agentskap.
- Aanvaarding van ‘n realistiese begroting.
- Identifisering van voordele van lidmaatskap.

4. Opvolgstappe

- Bepaling van kernboodskap.
- Opstel van plan vir res van 2017.
- Benutting van geleenthede vir 2017.
- Bevestiging van hoofbestuurder se kundigheid en rol as ambassadeur.

5. Elemente van bemarkingsaksie

- Doelgerigte persoonlike skakeling.
- Goeie mediabetrekkinge.
- Versterkte Facebook- en webteenwoordigheid.
- Opdatering van webblad.
- Identifisering van borggeleenthede.
- Kommunikasie met lede oor nuwe benandering.
- Moedig lede aan om medebemarkers te wees.
- Uitreik na kommersiële boere.
- Fokus op produkverbetering.
- Evaluering van 2017.
- Beplanning vir 2018.

6. **Slotopmerking:**

- Om leemtes te identifiseer is maklik.
- Om dit reg te stel moeilik, maar nie onmoontlik nie.
- Die regte mense moet bemagtig word om dit te doen. Die konteks moet een wees van ondersteuning.
- Die kern hiervan is ‘n gesonde korporatiewe bestuursmodel.
- Hoewel die NBG nie ‘n gewone maatskappy is nie en nie as een bestuur kan word nie, moet die beste van goeie korporatiewe bestuur deel wees van die genootskap se benadering. Dit sluit in ‘n herwaardering van die rol van raadslede en hul skakeling met die kantoor.